Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 21-25 APRIL 2008

Tabel 1: Kern Markaanwysers

	Week geëindig 18 April 2008	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	31594	+473 (+1.52%)	Volatiel
Nywerheidsindeks	24108	+466 (1.97%)	Volatiel
Goudindeks	2542	+21 (+0.08%)	Volatiel
Finansiële indeks	20229	+261(+1.3%)	Afname
Rand/$	R7.79	+12(+1.5%)	R7.70$-R7.90/$
Goudprys	$918	-$8(-0.08%)	$910- $940
Dow Jones	12849	+524(+4.2%)	Volatiel
Nikkei	13476	+244 (+1.8%)	Volatiel
FTSE-100	6051	+156(+2.6%)	Volatiel
Hang Seng	24197	-470(-1.9%)	Volatiel
SA Eiendomsindeks	298	-4(-0.01%)	Afname
R157	9.27%	+1(+0.01%)	Toename

Gemengde, maar meer positiewe sentiment jeens die VSA ekonomie het bygedra tot die grootste herstel op *Wall Street* sedert die begin van die sub-prima krisis in Oktober 2007. Die Dow Jones nywerheidsindeks het verlede week met meer as 4.0% gestyg. In reaksie het Engeland (FTSE hoër met 2.6%) en Japan (Nikkei hoër met 1.8%) die voorbeeld gevolg. Die JSE het ook weens hierdie positiewe sentiment gestyg en al die hoofindekse het die week in die groen geëindig het. Beide die ALSI en die Top 40 indekse het nuwe hoogtepunte aangeteken en die ALSI het by twee geleenthede bo die 32 000 vlak verhandel. Ten spyte van swakker kommoditeitpsryse, het belangstelling in buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse aandele na die mark teruggekeer. In reaksie het die rand wisselkoers tot onder R7.80/$ versterk, nadat die nuwe rekord-hoë olieprys van bo $115 per vat op ‘n stadium die rand weer tot vlakke van rondom R8.00/$ opgestoot het.

Omdat verskeie belangrike ekonomiese markaanwysers in die VSA en in Suid-Afrika hierdie week vrygestel word, word verwag dat volatiliteit op die JSE sal voortduur. In die VSA, sal die verskillende huisverkoopsdata asook vervaardiging en uitvoerbestellings hierdie week vrygestel word. Dit word verwag dat die ineenstorting in VSA huisverkope in Maart nog nie op ‘n einde is nie, terwyl bestellings van oorsee gehelp het om vervaardiging te stabiliseer. Gekombineerde verkope van nuwe en bestaande huise het verlede maand met 2.5% gedaal - volgens die mediaan-beraming van ekonome van die Bloomberg News opname. Aan die ander kant raam ekonome ook dat bestellings vir duursame goedere en produkte waarskynlik onveranderd was, veral weens winste in uitvoere. Hierdie twee hoofkategorieë van aanwysers, wat mekaar teenspreek, sal daartoe lei dat VSA markte onseker beweeg.

Dynamic Wealth
Established in 1971

Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko’s in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so ‘n belegging. Geskiedkundige opbrengste van ‘n belegging is nie ‘n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

In Suid-Afrika, sal die vrystelling van die inflasiedata vir Maart hierdie week van belang wees. Die kommerwekkende skerp opwaartse neiging in al drie die inflasie-aanwysers, naamlik die VPI, VPIX en die PPI, kan waarskynlik voortduur. Gegewe die groot styging in die petrolprys van 69 sent per liter aan die begin van Maart, asook die veel swakker rand, word verwag dat inflasie-X verder vanaf 9.4% in Februarie tot 9.8% in Maart gestyg het. Hierdie styging word verwag, ten spyte van die hoër basis van Maart 2007 toe inflasie-X skerp vanaf 4.9% in Februarie 2007 tot 5.5% in Maart 2007 gestyg het. Dieselfde word vir hooflyninflasie (VPI) verwag. Dit word verwag dat VPI vanaf 9.8% in Februarie tot 10.2% in Maart gestyg het. Hierdie verwagte skerp styging in beide die verbruikersinflasiesyfers sal weereens begin om sentiment negatiewer na rentekoersstygings te draai. Die mark sal waarskynlik die moontlikheid van nog 'n verhoging in die repokoersverhoging verdiskonteer (by die volgende vergadering van die Monetêre Beleidskomitee (MBK) in Junie). Veral omdat die verdere styging in die petrolprys van 61 sent per liter aan die begin van April, asook die 14% styging in elektrisiteitstariewe deur ESKOM, ook in April, die VPIX-inflasiesyfer binne die volgende twee maande bo die 10% vlak sal druk. Dus verwag ons dat die MBK vir ten minste nog ses maande onder druk sal bly.

Alhoewel di PPI en VPI syfers nie meer 'n direkte korrelasie toon sedert die nuwe berekening van die PPI nie, het die blote feit dat verwag word dat pryse by fabriekspunte (PPI) ook hul opwaartse neiging tot 11.5% in Maart 2008 (vanaf 11.2% in Februarie) voortgesit het, negatiewe sentiment tot nog 'n repokoersverhoging in Junie ondersteun.

Ons is dus van mening dat die aandelemarkte hierdie week senuweeagtig en volatiel sal bly. Dit word verwag dat die rand weer sal verswak en daarom verwag ons dat randverskansingsaandele hierdie week in aanvraag sal bly. Finansiële en nywerheidsaandele kan weereens die negatiewe sentiment van die hoër inflasiekoers aanvoel, en word verwag om weer teen die einde van die week te daal. Die Zimbabwe-kwessie kan ook 'n negatiewe uitwerking op die JSE hê, aangesien enige negatiewe nuus die rand wisselkoers onder druk plaas – veral as die verkope van portefeuljekapitaal en spekulasie teen genoteerde RSA aandele kan versnel.

Dynamic Wealth
Established in 1971

Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Tabel 2: Vrystellingskedule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Aanwyser	Periode	Verwag	Vorige
Apr 22	VSA	Bestaande Huisverkope	Mar	4.95M	5.03M
Apr 23	RSA	Verbruikersprysindeks (VPI)	Mar	10.2%	9.8%
Apr 23	RSA	VPIX	Mar	9.8%	9.4%
Apr 23	VSA	Bestaande Huisverkope	Mar	4.95M	5.03M
Apr 23	VSA	Ru-Olie Voorrade	04/19	NVT	-2356K
Apr 24	RSA	PPI	Mar	11.5%	11.2%
Apr 24	VSA	Duursame Bestellings	Mar	0.1%	-1.7%
Apr 24	VSA	Nuwe Looneise	04/19	NVT	372K
Apr 24	VSA	Nuwe Huisverkope	Mar	585K	590K
Apr 25	VSA	Mich Sentiment-hersien.	Apr	64.2	63.2

Prof Chris Harmse
21 April 2008

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.

Dynamic Wealth
Established in 1971

Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.